## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com


## ACIM 9 Junie 2014 (19h30) — Stad
## ACIM 12 Junie 2014 (19h00) — Kolping

### ETE ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail______________________________ Sel____________________

### ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| **Bankrekening vir bydraes**<br>**ABSA: Neo-Spektrum**<br>Takkode: **632005**<br>Rekening: **4083481065** | BAIE DANKIE<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |
|---|---|



# Neo-Spektrum
## 8 Junie 2014
## DIVINE APPOINTMENTS
### INTUITION & SACRED JOURNEYS

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Paradys — Johannes Kerkorrel ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Heer, ek glo in U: versterk my geloof.*
*Ek vertrou op U: versterk my vertroue.*
*Ek bemin U: laat ek U nog meer bemin.*
*Ek is spyt oor my sondes: verskerp my spyt.*
*Ek aanbid U as my eerste begin,*
*ek verlang na U as my laaste einde,*
*ek loof U as my gedurige hulp,*
*ek roep U aan as my liefdevolle beskermer.*
*Laat U wysheid my lei,*
*Korrigeer my met U regverdigheid,*
*vertroos my met U genade,*
*beskerm my met U mag.*
*Ek gee U my gedagtes, Heer, laat hulle oor U wees;*
*my woorde: dat hulle U in gedagte steeds hou;*
*my dade: dat hulle my liefde vir U mag weerspieël;*
*my lyding: om verduur te word tot U groter heerlikheid.*
*Ek wil doen wat U van my vra:*
*soos U dit vra,*
*solank U dit vra,*
*omdat U dit vra.*

*(My dank na die Mis: 'n Universele gebed – Sheila Cussons)*

### - STILTETYD -

## — Lees: Genesis 3:8-9 —

Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?"

==========================================================

**DIVINE APPOINTMENTS** in my consciousness, awareness, presence, awakening, blessing …..

- Your **intuition** is a spiritual gift — pay attention
- Listen to your **inner voice** — make a choice
- See your life as a **sacred journey** — take the adventure
- Bless the **dark night of the soul** — it's only a season of life

*Ek is alleen - alleen in my hartseer*
*alleen in my verdriet –*
*alleen in my nag*
*alleen in my boom –*
*alleen in my huis*
*alleen in my droom –*
*alleen in my soek*
*na mense, na suiwerheid, na God.*

*Jy is alleen – alleen in jou eensaamheid*
*jy roep na die winter –*
*jy roep na die reën*
*jy roep na die wind –*
*jy roep na die uile*
*jy roep na die vreugde –*
*jy roep na die son*
*jy roep na die lewe -*
*na mense, na suiwerheid, na God.*

*Die mens is alleen – alleen in sy eensaamheid*
*ek en jy huil - ek en jy roep*
*ek en jy skree - ek en jy bid*
*ek en jy breek - ek en jy verlang*
*na mense, na suiwerheid, na God.*

*(Fughetta vir drie stemme– Antjie Krog)*

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ Breyten se Brief — Jan Blohm ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Heer, verlig my begrip, versterk my wil,*
*reinig my hart, en maak my heilig.*
*Help my om my sondes van die verlede te erken,*
*en om versoeking in die toekoms te weerstaan,*
*help my om my menslike swakhede te bowe te kom*
*en om sterker te word as Christen.*
*Laat my U liefhê, my Heer en my God,*
*en help my om myself te sien soos ek is:*
*'n pelgrim in hierdie wêreld,*
*'n Christen geroep om die lewens wat ek*
*aanraak te respekteer en lief te hê,*
*dié in gesag bokant my,*
*my vriende en my vyande.*
*Help my om woede*
*met sagmoedigheid te oorwin,*
*hebsug met vrygewigheid,*
*halfhartigheid met toegewydheid.*
*Help my om myself te vergeet*
*en om uit te reik na andere.*
*Help my om verstandig te beplan,*
*en om risiko's moedig te neem.*
*Laat ek geduldig wees in lyding,*
*beskeie in voorspoed.*
*Help my om aandagtig te bid,*
*en om matig te wees met voedsel en drank,*
*getrou in my werk, standvastig in my goeie besluite.*

*(My dank na die Mis: 'n Universele gebed – Sheila Cussons)*

---

# IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ Ek Wil Vlieg — Willie Strauss ~